SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 23 AUGUSTUS 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

YOTA AANLYN SESSIE 4 "YOTA SOMERKAMPE" OP 27 AUGUSTUS

DIE RAE OP SATERDAG 29 AUGUSTUS

en

DIE SARL HAMNET WINTER OEFENING VOLGENDE NAWEEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

YOTA AANLYN SESSIE 4 "YOTA SOMERKAMPE" OP 27 AUGUSTUS

Is jy gereed vir ons komende YOTA-aanlyn sessie? Stel jou alarm vir 18:00 UTC op Donderdag 27 Augustus 2020. In hierdie nuutste aflewering sal die span die hoofonderwerp "YOTA Somerkampe" aanbied. Ons sal ook 'n prystrekking hê nadat jy ons nuwe raaisel regstreeks op die program opgelos het. Dus, bly ingeskakel en wees opgewonde!

Ons sal weer regstreeks op ons YouTube, Facebook en Twitch-kanale stroom. Verder probeer ons weer via die QO-100 geostasionêre satelliet in DATV-modus stroom.

Hier is die skakels na ons kanale - YouTube - www.youtube.com/hamyota, Twitch - www.twitch.tv/hamyota en Facebook - www.facebook.com/hamyota

As jy vrae het tydens die geleentheid, moet nie aarsel om te vra nie. Onthou dat ons slegs die geselsies op Facebook, YouTube en Twitch sal monitor terwyl ons regstreeks stroom. Alle ander opmerkings sal daarna sekerlik beantwoord word.

DIE RAE OP SATERDAG 29 AUGUSTUS

Die langverwagte Mei RAE word op Saterdag 29 Augustus vanaf 10:00 SAT by verskillende eksamensentrums regoor die land geskryf. Die virus-pandemie kan die skuld kry vir die vertraging! Kandidate en die opsieners word versoek om die toepaslike gesondheidsregulasies en -protokolle na te kom, soos uiteengesit in die RAE-dokumentasie wat aan die eksamensentrums gestuur is. Sorg dat die

HF-assesserings afgehandel is voordat die eksamen geskryf is en dat kandidate die leerstof voor Saterdag weer deur werk. SARL Nuus wens alle kandidate alles van die beste toe met die eksamen.

MULTI-OPERATEUR KOMPETISIES

Don Beattie, G3BJ, die president van die IARU-streek 1, sê: "Multi-operateur kompetisies bring radio amateurs bymekaar en kan dus 'n omgewing verteenwoordig waar dit moeilik is om sosiale distansiëring te bewerkstellig. Ons moet besef dat baie radio amateurs in die ouer ouderdomsgroepe hoër risiko's is. Ons het gehoop dat die Covid-19-pandemie teen hierdie tyd al sou verdwyn, maar na verbeteringe gedurende die somer, blyk die teenoorgestelde nou in sommige Europese lande te wees. Desondanks weet ons dat baie lede verenigings die Multi-operator-klas in hul nasionale en internasionale kompetisies in 2020 wil hou.

Dit is die nasionale lede verenigings se verantwoordelikheid om die situasie in hul eie land te ondersoek en te besluit of dit toepaslik is om die Multi-operator-klas in hul land te hou."

Met die SARL Nasionale Velddag op 12 en 13 September, die Alle Afrika DX-kompetisie op 19 en 20 September en die BHF/UHF-kompetisies in September en November, moet deelnemers oorweeg hoe hulle die multi-operateur klas in hierdie kompetisies gaan gebruik.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE SARL HAMNET WINTER OEFENING VOLGENDE NAWEEK

Grant Southey, ZS1GS, Nasionale Direkteur berig dat SARL HAMNET, die noodkommunikasie-afdeling van die Suid-Afrikaanse Radioliga, van 10:00 UTC op Sondag 29 Augustus 2020 tot 10:00 UTC op Sondag 30 Augustus 2020 'n oefening waarin ramptoestande sonder gebruiklike vorms van krag gesimuleer word, sal hou. Spanne gebruik JS8Call, Winlink P2P en foon soos benodig op verskillende frekwensies op die 80, 40 en 20 meter bande. Kry al die inligting van www.eyedeal.co.za/blackout/

As jy boodskappe op hierdie bande teëkom, kan dit kriptiese boodskappe insluit (nie enkripteer nie) en ons sal wegbly van alle boodskappe wat as ware noodgevalle beskou kan word, maar ons boodskappe kan posisies en sitraps bevat. Voel asseblief vry om in te roep, maar kan ons versoek dat alle interaksies tot die minimum beperk word.

DIE SARL HF GG KOMPETISIE VOLGENDE SONDAG

Die laaste van die SARL HF-kompetisies is die GG kompetisie en is van 14:00 tot 17:00 UTC op Sondag 30 Augustus op die lug, met aktiwiteite op 80, 40 en 20 meter. Die uitruiling is 'n RST-verslag en 'n reeksnommer vanaf 001. Elke QSO tel 1 punt. Elke roep area (8) wat per band gewerk word, tel 2 punte. Dieselfde stasie werk op 80, 40 en 20 meter tel 2 punte. Dien jou logstaat ADIF of Cabrillo in met 'n opsommingsblad of maak gebruik van die aflaaibare MS

Excel-sigblad wat die opsommingsblad bevat. Die logstate moet die Kompetisie komitee by zs4bfn@mweb.co.za bereik teen nie later nie as 23:59 SAT op Sondag 6 September 2020. Raadpleeg bladsy 35 van die 2020 Blouboek vir die reëls. Moenie enige PDF-dokumente indien nie.

KOMPETISIE UITSLAE

Vier en dertig logstate is ontvang vir die ZS5 Naelloop wat op Sondag 5 Julie gehou is en 815 QSOs is tydens die Naelloop gemaak.

1ste Mitch Rundle, ZS2DK - 100 punte

2de Sybrand Cillie, ZS1SJ - 75 punte

3de Barry Nugent, ZS2NF - 74 punte

4de Woody Collett, ZS3WL - 73 punte

Die volledige stel uitslae sal in HF Happenings 914 gepubliseer word.

Die kompetisie komitee het 25 logstate ontvang vir die SARL YL Naelloop wat op Sondag 9 Augustus 2020 gehou is.

1ste Alta Gaybba, ZR3PA - 233 punte

2de Sonet de Wet, ZS3SW - 230 punte

3de Karin Andrew, ZS6MMA - 143 punte

Die gesamentlike uitslae van die YL Naellope van 8 Maart en 9 Augustus 2020

1ste Alta Gaybba, ZR3PA - 429 punte

2de Sonet de Wet, ZS3SW - 426 punte

3de Karin Andrew, ZS6MMA - 316 punte

Die kompetisie komitee het 7 logstate ontvang vir die SARL Jeug Naelloop wat op Maandag 10 Augustus 2020 gehou is. Miskien het die tyd aangebreek om die Jeug Naellope te kanselleer!

1ste Woody Collett, ZS3WL - 38 punte

2de Theunis Potgieter, ZS2EC - 31 punte

3de Helmar Otto, ZS1H en Peter Leonard, ZS5PL - 15 punte

Die gesamentlike uitslae van die Jeug Naellope van 16 Junie en 10 Augustus 2020

1ste Woody Collett, ZS3WL - 98 punte

2de Helmar Otto, ZS1H - 54 punte

3de Theunis Potgieter, ZS2EC- 39 punte

Die volledige uitslae van die twee naellope is in HF Happenings 913 gepubliseer.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar 'n enkele sonvlek met 'n eenvoudige magnetiese samestelling sigbaar. Die moontlikheid van enige sonfakkels is baie gering. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral met sonsondergang DX openinge op die 20, 30 en 40 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vanmiddag - die Internasionale Vuurtoring en Ligskip naweek

27 Augustus – YOTA Aanlyn

29 Augustus – die Radio Amateur Eksamen

29 en 30 Augustus - die SARL HAMNET Winter Oefening

30 Augustus - die SARL HF GG kompetisie

5 September – die Wesrand snuffelmark

5 and 6 September – die Streek 1 en RSGB ESB Velddae en die GQRP Klub Aanlyn Konvensie

7 September – Settlers Dag - 1820 Settlers arriveer 200 jaar gelede

12 en 13 September – die SARL Nasionale Veld Dag

15 September – die Highway ARK Klub Vergadering

16 September – die SARL 80 m Woensdagaand Klub Naelloop

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Is jy gereed vir ons komende YOTA-aanlyn sessie? Stel jou alarm vir 18:00 UTC op Donderdag 27 Augustus 2020. In hierdie nuutste aflewering sal die span die hoofonderwerp "YOTA Somerkampe" aanbied. Ons sal ook 'n prystrekking hê nadat jy ons nuwe raaisel regstreeks op die program opgelos het. Dus, bly ingeskakel en wees opgewonde!

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en

verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruyn ZS6JHB en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.